

“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 19 - nr. 47.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

24 November 2019 (Nagmaal en Nabetrugting)

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die Here te kan dien.

EREDIENS VANOGGEND: Dr. Petrus Venter

Voorsang:

Ps. 150 :1,3

Ontmoetingsdiens:

Votum en seën

Sing: Ps. 145:1,2,3

Belydenis van geloof

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet

Sing: Ps.104:1,8,9

Gebed

Woorddiens:

Sing: Ps. 105:15

Skriflesing: Hebreërs 11:1-2; 20-30

Teks: Hebreërs 11:24-26

(Kategismus: Sondag 33)

Preektema:

Om in die ware geloof reg te kies ...

Nagmaalviering

Ps. 23:3

Ps. 116 ...

Nabetrugting

Ons leef by die konsekwensies van ons keuses

Antwoorddiens:

Liefdesdiens kollekte: In die banke- DVB

By die deure- Pensioen-versterker

Sing: Sb. 28(b) (10-2) Onse Vader

Wegstuurseën

Preekskets

U as kind van God in die geestelike tornado's wat daar dalk vanoggend op hierdie Nagmaal-oggend in u gemoed aan die gang is, moet beseft die geloof is iets wat moet groei. Ja, daar moet 'n aangroei in ons geloof plaasvind. As ons vandag by die reeks van mense wat in die geloof handel, verder gaan, dan kom ons by die man, eintlik net so bekend soos Abram, maar sy naam is Moses. Daar waar Moses na vore kom, wil ek graag ons hoofgedagtes soos volg saambring.

Eerste - daar kom 'n Moses na vore wat ons lees hy het grootgeword. Die vraag is wat beteken die "grootword" alles ...

In die tweede plek laat ons voor ons Nagmaalviering dit ook beseft daar is bepaalde keuses wat in die lewe gemaak moet word.

NABETRUGTING

En ná die Nagmaal by ons nabetrugting is die uitdaging dat u bereid moet wees om met die konsekwensies van u keuses saam te leef.

KOLLEKTES

Vandag: 24 November 2019

In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Pensioen Versterker**

Sondag: 1 Desember 2019

- In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Teologiese Studentekas**

WYK - DIENSBEURT

Vandag – 24 November 2019 – **Wyk 1**

- **Ouderling:** Br. Leendert Snyman
- **Diaken:** Br. Wikus Snyman
- **Wyksusters:** Sr. Miemie Snyman

Volgende week – 1 Desember 2019 - **Wyk 2**

- **Ouderling:** Br. Arthur Williams
- **Diaken:** Br. Lourens Pretorius
- **Wyksusters:** Sr. Annelie Williams

MEELEWING

- Ons dink in ons gebede aan sr Marie Fourie wat met baie swaar lyding die laaste tyd moes deurgaen. Dankbaar daar is mate van verbetering. Sy moet vir volgende drie weke dan weer bestraling ontvang. Die kanker aan breinvlies is nog aktief. Ons dink aan haar en al haar geliefdes.
- Ons dink aan br Michiel Burger en gesin en familie waar sy pa baie ernstige hart-operasie moes ondergaan. Mag die Here hom naby wees en hulle as familie in die tyd dra en versterk.
- Sr Fransie Venter wat in die tyd erge rugprobleme ervaar vertrou ons dat daar vir haar ook spoedige verligting en beterskap mag wees.
- Br Jan Schoeman (sr.) het ook afgelope week swaar gekry met sy gesondheid. Ons vertrou dat hy ook spoedige beterskap mag ontvang.
- Ons het ook verneem dat met br Gert Brits se gesondheid gaan dit ook nie goed nie. Die broeder bly ook in ons gebede.
- Ons is dankbaar rondom br en sr Johan en Marina Reinecke en br en sr Barend en Anita Snyman vir die verwagting van hulle verbondskindjies. Ons gebede is dat alles in die tyd van swangerskap goed mag verloop.
- Ons wil in hierdie tyd van uitermate droogte en swaar toestande vir ons boere op die plase wat knellend op gesinne en families inwerk van ons voorbidding verseker. Mag die Here wat alleen die uitkoms kan gee ons genadig wees.

VERJAARSDAE

Dinsdag 26 Nov Sr. Magdel Potgieter

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

GROENWATER-NUUS

Ons bedieningshulp in Groenwater het in die laaste maande weer kon hervat. Daar bly uitdagings maar ons vertrou in dit wat reeds hanteer is en aangespreek kon word, daar wel daarop voortgebou kan word. Dr. Venter sal nie vandag daarheen kan gaan nie.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

BEROEPE ONTVANG: Proponent MW Kruger (Thinus) na GK Newcastle

BEROEPE AANVAAR: Ds. HL Stavast van GK Totiusdal na GK Nylstroom

BEROEPE BEDANK:

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by

<http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-klasse vind Sondae na die ereadiens by die kerk plaas. Reeds afgesluit.

Die Voor-belydenisklas vind Sondae 'n kwartier na die ereadiens ook by die kerk plaas. Ons het vir die jaar daarmee afgesluit.

Ons Belydenisklas en ook volwasse kategese klasse vind Maandae-middae plaas. Reëlings met die groepe sal steeds deur WhatsApp via ons kerkgroep deurgegee word. Ook afgesluit vir die jaar.

KERKKANTOOR

Ons is opsoek na ou koerante by die kerkkantoor.

Die Kerkkantoor is besig met die opstel van die 2020 kalender. Enige voorstelle en veranderings kan aan die kerkkantoor deurgegee word.

DORKAS- SUSTERS

Huis Jan Vorster-mandjie – Toiletware vir ons inwoners in HJV kan in die groen mandjie voor in die portaal geplaas word. Hulle ondervind die laaste tyd veral 'n tekort aan **doeke, Prep en aqueous room**. Die inwoners het ook hulle hartlike dank uitgespreek vir dit wat alreeds geskenk is.

BYBELSTUDIE

Bybelstudie Maandae 19h00 Aandgroep (afgesluit)

Bybelstudie Dinsdae 10h00: Oggendgroep (afgesluit)

Ons gaan DV volgende jaar voort met die reeks rondom die gebede uit God se Woord.

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons tee-drink lokaal na die ereadiens.

GEMEENTEKAMP

Merk die datum: 3 tot 5 April 2020

OMGEWINGSPITKOS – Dr. Peet van der Walt

Die opwinding wat natuurgenoet in ons wye nog grootliks ongeskonde suiderland se trefferklimaat verskaf, is 'n vreugde ruim en wyd wat jy saam met God as skepper kan beleef om blydschap in jou volkome te laat word. 'n Opdrag wat die Bybel deurspek en 'n vername prikkel om jou lewensloop te begenadig. Dit voorkom dat daar tyd en rede vir mismoedigheid vir jou as vreemdeling en bywoner in 'n brose aardse tentwoning is, en laat jou verder kyk na 'n groter rykdom as aardse probleme.

Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel bewaar word (1 Pet 1 : 4).

KALENDER (JAARBEPANNING) IN ELEKTRONIESE FORMAAT

As u graag u dagboek in elektroniese formaat op u selfoon wil plaas kan u op ons webwerf die toepassing en beplanning aflaai wat dit deur *Microsoft Outlook* vir u moontlik maak. Die inligting is gestoor op die Tuisblad onder die lêertjie [pmg_calendar.ics](http://bit.ly/2D0uRqf)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met 'n droogte ongekend en ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan ...

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

In November wil die predikant graag op wyke 5 en 6 konsentreer met huisbesoeke. Hy sal u kontak om afsprake vas te maak. As enigiemand uit van die ander wyke wel behoefte het dat hy vroeër by u moet uitkom, moet asseblief nie aarsel om hom te kontak nie.

HUISBESOEKE DEUR DIE OUDERLINGE

VERGADERINGS:

Verslag van die Finansiële Kommissie

Van die kommissie se kant af wil ons u graag bedank vir u bydraes en ons doen 'n beroep op lidmate om so vol te hou. U is welkom om met enige lid van die finansiële kommissie te skakel indien u navrae het.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg
E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za
Tel: 053 313 3710
Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571
Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae 09h00 - 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster			
Orrelis			
Kassiere	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	60
Bydrae:	
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za